

**Skrifgedeelte: Numeri 21:4-9**

**Fokusgedeelte: Numeri 21: 8, 9**

**Onverdiende sorg ten spyte van onvergenoegdheid**

Die volk Israel reis deur die woestyn. Hulle het pas verlossing vanuit die hand van die Here gesmaak. Tot dusver op hulle reis het hulle water en kos ontvang. Daar is in alles vir hulle gesorg. Hulle is egter kort van geheue. Hier, op die reis om Edom, sien ons ongeduldigheid. Letterlik staan daar hulle “siel het kort geword”. Kwaad, ongelukkig, ontevrede. Eintlik kan ons sê: onvergenoegd. Die volk kla nie daarvoor dat hulle nie versorg word nie, of dat hulle nood het nie – hulle kla oor die standaard van die sorg wat hulle ontvang.

Hoe bekend klink dit dan ook nie? Net so kan ons ook maar kla oor die sorg wat ons ontvang, ons is net so onvergenoegd. Onvergenoegd oor ons werk, ons gemeente, ons salaris, ons gesin. Hierdie onvergenoegdheid is 'n ernstige saak. As ons bely dat die Here vir ons sorg, dat Hy vir ons gee wat ons nodig het, dan durf ons nie onvergenoegd wees nie. Onvergenoegdheid in God se sorg is sonde, en die sonde het swaar gevolge. Dit lei tot die dood. Die volk ervaar dit hier aan eie lyf. Slang wat pyn en dood veroorsaak.

Tog bly die Here genadig, Hy gee self die uitkoms, die verlossing. 'n Koperslang, verhoog op 'n paal. Dit bring die genesing en verlossing. Wat wel belangrik is, is dat die koperslang nie magiese krag gehad het wat genees het nie. Die verlossing het gekom uit die geloof. Deur op te kyk na die koperslang was 'n daad van geloof, 'n sigbare teken van verlossing.

Hierdie geskiedenis word deur Jesus Christus in Johannes 3:14 op Homself van toepassing gemaak. Hy moes aan die kruis sterf, en verhoog word, sodat ons kan lewe. Die Here sorg vandag nog vir sy kinders. In lewe en in sterwe ontvang ons wat ons nodig het in die verhoogde Jesus Christus. Hou die oog op Hom gevestig. In Hom en deur Hom is daar waarlik lewe.

*Sing: Psalm 91-1:1, 7, 8  
Ds. FG (Hardus) Lee (Derdepoort)*